Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2013

# AFRIKAANS HUISTAAL V1 MEMORANDUM

**PUNTE: 70**

Hierdie memorandum bestaan uit 7 bladsye.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1

Nasien van die leesbegrip:

- Spelfoute in een-woord antwoorde word by Huistaal gepenaliseer.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie.**
- Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat ŉ volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee ŉ hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit ŉ ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word BEIDE die letter EN die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

| **AFDELING A** | | |
|---|---|---|
| | | |
| **VRAAG 1** | | |
| | | |
| **VRAAG** | **ANTWOORD** | **PUNT** |
| 1.1 | Dit is deesdae sosiaal aanvaarbaar √ en beslis nie meer net bleeksiele/ wanaangepastes se manier om ’n metgesel raak te loop nie. √ | 2 |
| | | |
| 1.2 | Jy moenie kontak met die regte wêreld verloor nie. √ | 1 |
| | | |
| 1.3 | Aanlynflikvlooi boer flink vooruit. √ | 1 |
| | | |
| 1.4 | Dit is nie so stresvol soos ’n toeoogafspraak nie. √<br>Mense is bang om in lewende lywe met iemand te praat. √ | 2 |
| | | |
| 1.5 | Internet-romanse is ’n goeie ding, veral as jy skaam en teruggetrokke is. / Dit bring jou in kontak met ’n persoon in wie jy belangstel, waar jy andersins nie eens sou probeer het nie. √√<br>OF<br>Internet-romanse is nie ’n goeie ding nie, want ’n verhouding kan nie so ontwikkel nie aangesien jy persoonlike en fisiese kontak nodig het. √√<br><br>Die leerder gee sy eie gemotiveerde antwoord binne konteks van die teks. | 2 |
| | | |
| 1.6 | Dit suggereer iets sprokiesagtig/soos in ’n feëverhaal √ waar jy die perfekte persoon sal vind wat net soos jy is. √<br>EN<br>Goeie woordkeuse, want dit bemark dié webwerwe effektief.<br>Swak woordkeuse, want feëverhale is onrealisties. √ | 3 |
| | | |
| 1.7 | ontsteltenis/verwondering/verwaandheid √ | 1 |
| | | |
| 1.8 | “om mense in lewende lywe te ontmoet” √ | 1 |
| | | |
| 1.9 | Mening √ Die woord “blykbaar” sê dis nie seker nie. √ | 2 |
| | | |
| 1.10 | Onbetrokkenheid/Selfsug/Apatie √ | 1 |
| | | |
| 1.11 | Daar is elke dag vele geleenthede om iemand te ontmoet met wie jy ’n romanse kan aanknoop √ en wat maak ’n gesprek met ’n vreemdeling anders as om op die internet met ’n onbekende persoon te gesels? √<br>EN<br>Dis geslaagd, want jy ken ook aanvanklik nie die aanlyn-persoon nie.<br>OF<br>Dis nie geslaagd nie, want jy kan in ’n ry sien of die houding/lyftaal/ voorkoms ’n gesels die moeite werd maak. √ | 3 |
| | | |
| 1.12 | Dat mense met jou praat √ en dat hulle jou aantreklik vind. √ | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.13 | Hy wonder hoekom mense hulle die opwinding van ŉ persoonlike ontmoeting wil ontsê om eerder op die internet te wil gesels, want laasgenoemde is so onpersoonlik en jy as mens is tog ŉ persoonlike wese. √ | 2 |
| | | |
| 1.14 | Mense wil alles vooraf van ŉ mens weet √ en nie moeite doen om dit self te ontdek nie. √ | 2 |
| | | |
| 1.15 | Die mens wil nie sukkel nie. / Die mens stel gerief eerste. √ | 1 |
| | | |
| 1.16 | Hulle het ŉ wanidee wat romanse is. / Hulle is verslaaf aan hulle rekenaars. / Hulle is bang vir oogkontak. √ | 1 |
| | | |
| 1.17 | Dit wys net ŉ man, asof vrouens nie bleeksiele is nie. √ | 1 |
| | | |
| 1.18 | Die voorstelling dui beslis nie ŉ elektriese skok wanneer jy iemand die eerste keer sien of ontmoet het nie, maar wek die idee dat die persoon ŉ verhouding met sy rekenaar het. / Dis ironies, want jy praat nie in lewende lywe met ŉ persoon nie en lyftaal, gesigsuitdrukkings en aanraking is irrelevant. √√ | 2 |
| | | **[30]** |

## VRAAG 2

### Nasien van die opsomming

- **Opskrif/Titel:** Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van ʼn opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul **eie sinne,** in enige volgorde, skryf.
- Slegs feite wat in **volsinne** aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate **moet** die **korrekte** getal woorde aandui.
- Punte word soos volg toegeken:
    - 7 punte vir 7 feite
    - 3 punte vir taal
    - Puntetotaal: 10
- Verspreiding van punte vir taal:
    - 1 – 3 feite korrek: ken 1 punt toe
    - 4 – 5 feite korrek: ken 2 punte toe
    - 6 – 7 feite korrek: ken 3 punte toe

**LET WEL:**

- **Tel van woorde:**
    - Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
    - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
    - Indien die kandidaat die vereiste getal woorde oorskry het, word ʼn oorskryding van 5 woorde toegelaat en die res van die opsomming word geïgnoreer.

**ʼn Opsomming wat puntsgewys aangebied word, kan die volgende moontlike bewoording gebruik:**

| **BOELIETEGNIEKE** | |
|---|---|
| 1. | Boelies maak van fisieke mishandeling gebruik. |
| 2. | Hulle mishandel ander verbaal. |
| 3. | Hulle sluit ander sosiaal uit. / Hulle versprei vals stories. |
| 4. | Boelies takel ander op die kuberruimte af. |

| **ONDERSTEUNINGSTEGNIEKE** | |
|---|---|
| 1. | Sorg dat die kind wat geboelie word met iemand praat. |
| 2. | Tree in vanuit ʼn gesagsposisie om boelies te stuit. |
| 3. | Moenie met die geboeliede se ouers praat nie, kyk eerder na die geboeliede se emosies. (Aantal woorde: **60**) |

**OF**

Boelies mishandel ander fisiek deur hulle te slaan. Hulle vloek of dreig ander wat verbale boelie behels. Deur ander uit te sluit, boelie hulle iemand sosiaal. Die kuberruimte is nog ʼn vorm van boeliemetodes. Tree op deur die geboeliede met iemand te laat praat. Tree op teen die boelie en vermy die geboeliede se ouers. Skenk eerder aandag aan sy emosies. (Aantal woorde: **61**)

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

## VRAAG 3, 4 en 5

**Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is.
  - In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
  - Waar ŉ afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- Waar direkte en indirekte rede en punktuasie getoets word, mag ½-punte toegeken word.
- By meervoudigekeuse-vrae word BEIDE die letter wat ooreenstem met die korrekte antwoord EN die antwoord wat uitgeskryf word, aanvaar.

| **TEKS 1: ADVERTENSIE** | | |
|---|---|---|
| | | |
| **Vraag** | **Antwoord** | **Punt** |
| 3.1 | Die Mandela-munt √ | 1 |
| | | |
| 3.2 | ATKV-Goudini kan dalk ŉ unieke geleentheid bied. / √<br>ATKV-Goudini mag moontlik ŉ unieke geleentheid bied./ √<br>Mag ATKV-Goudini ŉ unieke geleentheid bied. √ | 1 |
| | | |
| 3.3 | Nie almal kan die muntstuk wen nie, slegs mense wat konferensies bespreek. √ | 1 |
| | | |
| 3.4 | Ja, dit stel die plek goed voor. / Ja, die muntstuk is duidelik sigbaar. √<br>Nee, tente en fietsry het niks met konferensies te doen nie. √ | 1 |
| | | |
| 3.5 | Vakansie-oorde √ | 1 |
| | | |
| 3.6 | B: byvoeglike bysin √ | 1 |
| | | |
| 3.7 | Verloorder √ | 1 |
| | | |
| 3.8 | Ontspanningslokaal / flieklokaal ens. √ | 1 |
| | | |
| 3.9 | Legendaries(e) √ | 1 |
| | | |
| 3.10 | Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging √ | 1 |
| | | **[10]** |

**TEKS 2: RUBRIEK**

| **Vraag** | **Antwoord** | | **Punt** |
|---|---|---|---|
| 4.1 | 4.1.1 | Soos 'n wonder √ | 1 |
| | | | |
| | 4.1.2 | Jy werk wonderlik met kinders. / Sy is wonderlik getrou. √ | 1 |
| | | | |
| | 4.1.3 | Won √ | 1 |
| | | | |
| 4.2 | Voorblaadjie √ | | 1 |
| | | | |
| 4.3 | Om iets heeltemal te verwoes. / Uitmekaar te laat spat. √ | | 1 |
| | | | |
| 4.4 | Publikasie / Publisiteit √ | | 1 |
| | | | |
| 4.5 | treffende √ | | 1 |
| | | | |
| 4.6 | Dis glo moeilik om reksppronge te doen. / Sy is glo baie slim. √ | | 1 |
| | | | |
| 4.7 | Vyf en veertig / vyf-en-veertig. √ | | 1 |
| | | | |
| 4.8 | Om iemand fisies te help. / Oorgaan tot aksie. √ | | 1 |
| | | | **[10]** |

**TEKS 3: STROKIESPRENT**

| **Vraag** | **Antwoord** | **Punt** |
|---|---|---|
| 5.1 | Claudia het ook só een gehad. √ | 1 |
| | | |
| 5.2 | Sy bevestig (sê bevestigend) dat sy daarvan hou, maar dat sy nie so mal is oor die veters nie. √ | 1 |
| | | |
| 5.3 | Sy het gesien hoe iemand iets van 'n ander steel. √ | 1 |
| | | |
| 5.4 | Die erns van die saak. √ | 1 |
| | | |
| 5.5 | SAPD √ | 1 |
| | | |
| 5.6 | C: Veelvoudige sin √ | 1 |
| | | |
| 5.7 | Beletselteken / ellips √ | 1 |
| | | |
| 5.8 | Hy lyk gespanne – skouers vooroor gebuig / oë gefokus op deur. √ | 1 |
| | | |
| 5.9 | bloedjonk √ | 1 |
| | | |
| 5.10 | Meisies soos sy word (deur ons) gesoek! √ | 1 |
| | | **[10]** |

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**